# RPO Markverslag

## Week 24 van 2026

Week geëindig op 12 Junie 2026





**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 12 Junie 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse.
Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.


| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | R42.44 | 0.4% | 1.3% | 18.2% |
| A2 (R/kg) | R65.09 | 2.1% | 5.2% | -21.7% |
| B2 (R/kg) | R58.73 | 0.6% | 2.2% | -5.5% |
| C2 (R/kg) | R58.30 | 0.4% | 2.2% | -3.9% |

# Speenkalwers

Die speenkalfprys het in Week 24 effens gestyg teenoor die vorige week en is tans 18.2% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die speenkalfprys sit dus die bestendige sywaartse tendens voort, selfs gedurende speentyd, wat ongekend is vir hierdie tyd van die jaar. Die verwagting is dat die prys 'n moontlike stygende tendens kan volg vanaf Julie tot in Augustus wanneer die aandbod van kalwers gewoonlik begin daal. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in Julie ongeveer R43/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R40/kg en nie hoër as R47/kg behoort te wees nie.




# A2 Beeskarkasse




Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 24 met 2.1% gestyg teenoor die vorige week en is tans 21.7% laer as dieselfde periode 'n jaar gelede toe die prys skerp gestyg het na die uitbreking van BEK by Karan Beef. Die huidige styging in die prys kan toegeskryf word aan 'n volgehoue laer aanbod op karkasse tans in die mark. Die verwagting is dat die prys effens kan daal in Julie, weens swakker vraag na prima snitte in die winter, en dan 'n sywaartse tendens in Augustus kan volg. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Julie ongeveer R62/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R56/kg en nie hoër as R68/kg behoort te wees nie.

RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO

# RPO Markverslag

## Week 24 van 2026


Week geëindig op 12 Junie 2026




**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 12 Junie 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R53.68 | 1.7% | 3.3% | 7.2% |
| A2 (R/kg) | R111.28 | -1.1% | 2.2% | 3.4% |
| B2 (R/kg) | R78.29 | 0.1% | 2.9% | 8.7% |
| C2 (R/kg) | R80.13 | -0.2% | 2.9% | 12.4% |


## Stoorlammers




Die stoorlamprys het in Week 24 met 1.7% gestyg teenoor die vorige week en is tans 7.2% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n laer aanbod op lammers tans in die mark. Die verwagting is dat die prys ‘n moontlike stygende tendens kan volhou tot in Julie en vanaf Augustus kan daal. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in Julie ongeveer R54/kg te wees, terwyl dit nie laer as R47/kg en nie hoër as R59/kg behoort te wees nie.

## A2 Lamkarkasse

Die A2 lamkarkasprys het in Week 24 met 1.1% gedaal teenoor die vorige week en is 3.4% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan ‘n laer vraag na lamkarkasse weens beperkings op die uitvoere na die VAE. Die verwagting is dat die prys sal styg vanaf Julie tot in Augustus. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Julie ongeveer R115/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R103/kg en nie hoër as R126/kg behoort te wees nie.




RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO